# PAASTYD

## HUISGELOOF

**Paastyd is 50 dae lank, vanaf Paasfees tot Pinksterfees. 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## PAASKERS
## JOHANNES 20

### OMGEE

Vertel wat vir jou die lekkerste van Paasfees was? Vertel ook wie of wat het jou help onthou dat Paasfees oor Jesus se kruisiging en opstanding gaan? Dalk was dit hot cross buns, Paaseiers, ‘n kruis, ‘n diens, ‘n kunswerk of ‘n liedjie?

### GESELS

Het jy geweet dat, volgens die Bybel, Jesus meer as 10 keer en aan meer as 500 mense verskyn na sy opstanding? Hy het aan gelowiges verskyn, maar ook aan dié wat twyfel.

**Lees: Johannes 20:19-31**

- Hoe sou jy gevoel het as jy in die dissipels se skoene was?
- Hoekom was dit vir Tomas moeilik om te glo?
- Watter woorde van Jesus staan vir jou uit?
- Hoe sal jy iemand wat twyfel bemoedig?

### DOEN

Maak ‘n Paaskers vir Paastyd wat julle gereeld kan aansteek om te onthou dat Jesus die dood oorwin het. Hy is die Lig!
Op die Paaskers is daar ‘n kruis, ‘n Alfa- en Omega-teken, en die jaartal om ons te herinner dat Jesus by ons teenwoordig is.
Intruksies: soek “Paaskers” op www. dinkjeug.co.za.

### BID

Here, help my wanneer ek twyfel...

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: